WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 12/2018
18/09/2018

WEE VAN DIE VETERANE

1. Afsterwe van Genl Jannie Geldenhuys van die Kavallerie

Die SAWV verwittig met leedwese dat "... die voormalige H SAW en Stigter van die SAWV, Genl Jannie Geldenhuys, op 10/09/2018 in die ouderdom van 83 jaar oorlede is. Hy het die afgelope paar jaar aan Alzheimersiekte gely en is in sy laaste dae goed versorg in die Jura Care Village te George. Hy word oorleef deur sy eggenote Marié, dogter Annamarié, seun Bruwer, dogter Lollie, skoonseun Steyn van Niekerk en hulle enigste kleinkind, Harper-Martin. Die egpaar se ander seun, Martin, is in 1991 tydens 'n militêre vlieginsident in Pomfret oorlede. Die verassingsdiens is 'n private geleentheid vir die familie. 'n Gedenkdiens vind om 10:00 op 20/09/2018 by die NG Gemeente Pretoria-Oos op die hoek van Lynnwood- en Kirknessstrate (oorkant Loftus Versfeld) plaas. Militêre-, Veteraan- en Oudgediende-organisasies wat spesifieke navrae oor die diens het, word versoek om met Johann du Preez van die SAWV by 062 517 6939 of op johann.dupreez@milvets.co.za te skakel. Frans du Randt koördineer alle reëlings namens die familie en sy kontakbesonderhede is 084 343 5500 of fransdur@gmail.com". Nota. Die SAWV se reëlings vir die Gedenkdiens word in par 10 aangedui.

2. Passing of Albie Götze of the SAAF

Phillip Weyers of the SAAF advises with regret of the passing "… of Albie on 24/08/2018 at the age of 95 in Hermanus. A Memorial Service was held at the United Church in Hermanus on 08/09/2018. Albie was one of South Africa's true War Heroes". A tribute by the SAAF Association appears at par 13.

3. Afsterwe van Rudi Bench van die Infanterie

Hans Moller van die Parabats verwittig met leedwese "… dat Rudi op 03/09/2018 in die MediClinic Hospitaal in Nelspruit oorlede is, na hy vir gevorderde longkanker behandeling

ontvang het. ‘n Dankdiens het op 07/09/2018 in Nelspruit plaasgevind. Sy vrou, Di, se selno is 083 408 9855”

4. Passing of Joep Van Zyl of Signals

The family of Joeb has advised with deep regret “... of his passing on 20/05/2018 after suffering from cancer for some time. We are relieved that his passing was peaceful and painless. He will be greatly missed. The wife of Joep, Baby van Zyl, may be contacted on her sell at 064 944 2802”.

5. Passing of Brian Stockton of the SAN

Arne Soderland advises with sincere regret of “... the passing of Brian Stockton in Cape Town. Our deepest sympathy to Sue and their sons Andrew and Mark”.

6. Afsterwe van Frederyck (Deryck) Peter Brady van die MOTHS

Marina Valentine verwittig namens die MOTHS met leedwese “… dat Deryck op 05/08/2018 oorlede is. Hy was nog een van twee lede van die MOTH hier in Pretoria wat Veterane van El Alamein in WW 2 is. In Okt 2018 sou hy 97 jaar oud gewees het, maar het nog gereeld die MOTHS se vergaderings bygewoon en was in Jun 2018 nog by die Pantser-vereniging se vergadering by Pretoria Regt. Die roudiens het op 14/08/2018 in Garsfontein plaasgevind. 'n Legende het ons verlaat. Rus in Vrede Oom Deryck”.

7. Afsterwe van Kol CJ Tosen

Paul Els verwittig dat sy seun, Morné, met leedwese bekend gemaak het dat CJ op 25/08/2018 oorlede is. Hy was 80 jaar oud.

8. Passing of Sue : Widow of the late Dennis Kinkead-Weekes of the SAN

Arne also advises with the sincerest regret “… that Sue had passed away at 2 Mil Hosp on 28/08/2018 after recent surgery. Our deepest sympathy to Barry, Penny, Neil and Wendy”.

9. Terugslag vir Koot Yssel van die Seiners

Mike Eksteen van die Seiners noem “... dat Koot ongeveer twee maande gelede ’n beroerte-aanval gehad het. Hy was vir ses weke in 1 Mil Hosp. behandel en het vir ses weke rehabilitasie by Eugene Marais Hospitaal ondergaan, waarna hy na die Montana Step Down oorgeplaas is. Hy kan sy linkerkant nie gebruik nie en moet van ‘n rolstoel gebruik maak. Die familie het besluit dat die beste sal wees dat hy terug plaas toe gaan, waar hy gemaklik voel. Dit gaan nou al klaar beter met hom en hy wil weet wanneer die Seiners vir vir hom kom kuier”.

10. Die SAWV se Reëlings vir Genl Geldenhuys se Gedenkdiens

Die diens word deur ’n voormalige Kpln Gen, Ds Johann de Witt, gelei. Lt-genl Raymond Holtshauzen sal op versoek van en namens die familie ‘n huldeblyk lewer. Die RMVO sal oorkoepelend namens alle Veterane-verenigings ‘n huldeblyk in die gedenkblaadjie van die

familie plaas. Alle ander huldeblyke van Verenigings en Assosiasies en individuele Veterane kan na Johann du Preez by johann.dupreez@milvets.co.za ge-epos word wat dit dan gesamenlik aan die familie sal oorhandig. Daar sal spesifieke plek in die kerk vir alle Veterane toegewys word. Parkering is aan die Suidekant van Loftus Versveld se B en C Velde beskikbaar.

Na die diens sal daar buite die kerk 'n kort militêre eerbewys wees. Die Veterane word versoek om in Vereniging- en Assosiasie-drag met medaljes en gepaardgaande hoofdeksels by te woon. Na die diens sal die Veterane buite die kerk onder leiding van Jan Malan en Johann du Preez van die SAWV opvorm. Hulle neem leiding op versoek van die RMVO en met goedkeuring van die familie. Enige ander navrae kan aan Johann du Preez gerig word by bogenoemde epos of of op sy selno by 062-517-6939 gerig word.

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

11. Huldeblyk deur die SAWV aan Genl Jannie Geldenhuys

"Genl Johannes (Jannie) Jacobus Geldenhuys, SSAS, SD, SOE, SM, GCIH, ORB, van die Infanterie is op 05/02/1935 in Kroonstad gebore en het, nadat hy die graad
B Mil aan die Universiteit van Pretoria behaal het, by die SAW se 1 SDB aangesluit. 'n Roemryke militêre loopbaan het gevolg waar hy as Bev Kmdmt SWA vanaf 1973 tot 1974 en as BG SWAGM vanaf 1978 tot 1980 gedien het, voordat hy tot H SA Leër bevorder is. In 1986 is hy as H SAW aangestel en het die pos tot 1990 met sy aftrede beklee. In genl Geldenhuys se termyn het die RSA se geskiedenis rigtinggewend verander en is die land deur enorme interne en eksterne konflik gekenmerk. As H SAW het hy 'n leidende rol as een van die hoofonderhandelaars vir die onafhanklikheid van SWA gespeel. Hy was in 2009 die stigter en later die Beskermheer van die SAWV".

12. Huldeblyk deur die RMVO aan Genl Jannie Geldenhuys

Johann Dippenaar van die Kavallerie is die Voorsitter van die Raad vir Militêre Veterane-organisasies (RMVO) en verklaar namens die RMVO "… as die oorkoepelende liggaam van alle statutêre veterane-organisasies, dat ons met hartseer kennis geneem van die afsterwe van genl Geldenhuys. Hy was bekend as 'n man van inbors, 'n uitnemende strateeg, 'n besondere bevelvoerder, 'n soldaat se soldaat en bowenal 'n persoon wat omgegee het vir sy ondergeskiktes. Die RMVO kon oor jare sy belangstelling in die wel en weë van die Veterane beleef en kon ons opsien na sy leiding en meelewing. Ons het dit veral beleef met sy stigting van die SAWV, waarvan hy tot met sy afsterwe die beskermheer was en waarin hy Veterane van alle korpse saamgesnoer het. Die RMVO eer sy visie, leiding en inisiatief en sal hom as mens, as bevelvoerder en as vriend van die Veterane baie mis. Ons gedagtes en gebede gaan uit na sy vrou Marie, hul kinders en res van die familie met hulle groot verlies".

13. AP Stemmet van die Kavallerie

"Ek het pas op RSG reageer oor die simpel vraag of helde uit ons tydperk vereer moet word. Ek is geskok dat die vraag selfs gevra word. Hulle het my kommentaar gedeeltelik naamloos uitgesaai en ek wonder waarom. Terroriste uit daardie tydperk word vereer sonder dat vrae

gevra word. Dit maak seer dat genl Geldenhuys se nagedagtenis en die van baie ander helde besoedel word. Ek is trots dat ek onder hom gedien het. Wat n held en strateeg!!"

14. Tribute by the SAAF Association to Brig Gen Albie Götze of the SAAF

"Gen Götze was born in Prieska in 1923 and in 1942 at the age of 19 joined the SAAF. In the Middle East, he was seconded to 127 Sqn of the RAF and flew Spitfires in Egypt and Palestine. He was thereafter transferred to England where he flew patrols and bomber escort missions to Europe and was involved in the shooting down of four German V-1 flying bombs. On D-Day, 06/06/1944, he flew support and top-cover missions over France, an action that saw him awarded the Legion de Honneur Medal. Following D-Day, Gen Götze flew his Spitfire on fighter/bomber missions over France, Belgium and Holland. Later he was posted to 137 Sqn to fly the infamously belligerent Hawker Typhoon in Op Market Garden. The Typhoon missions were notoriously dangerous, carried out at low level and using rockets against installations and rolling stock. During this time he made a number of crash landings due to his aircraft being shot, fortunately surviving them all. In 1949 and not contend with his contribution to the Free World, he was deployed with the SAAF to fly as a navigator delivering supplies to the besieged city of Berlin in the Berlin Airlift. In 1951, now a member of 2 Sqn of the SAAF, he for a tour of duty in the Korean War, flying the F-51D Mustang fighter.

It is significant that Gen Götze designed the best known of all SAAF Unit badges, namely the insignia of 2 Sqn, the Flying Cheetahs. He also became involved with the introduction of the SAAF Air Defence System and later served as Personal Military Secretary to the State President. He retired in 1978 and lived in Hermanus where he was held in great affection and respect. *Lest we Forget* ".

The photos here below shows Albie with Daan Badenhorst, the Country Vice President of the SAAFA as well as the insignia displayed at the memorial service.



15. Prestasie deur Robbie Fox van Logistiek

Robbie het die mans se enkelkampioenskap by Wonderboom se Rolbalklub gewen en is op 18/08/2018 as die klub se Victor Ludorum bekroon.

16. Paul Els van die Seiners is Bly

“My kleindogter is nou besig om matriek skryf, maar is klaar aanvaar om volgende jaar Astoromie by Universiteit Kaapstad te gaan studeer. Sy is een van net 17 wat vir die kursus aanvaar is en het ook reeds daar plek in ’n nuwe koshuis gekry”.

MILITêRE AANGELEENTHEDE

17 Kruis ter Herdenking aan Wyle Kol CR Opperman

Paul Els noem dat hierdie kruis naby die ingang na die Ou Begraafplaas in Voortrekkerhoogte staan en wil graag weet wat die agtergrond is.

TOEKOMSTIGE OORLOë

18. NTR.

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

19. Hercules du Plessis van Personeel vanuit Vaalwater

“Ons het magtiging verkry om die vogende dag na ’n geneesheer in Ellisras te gaan nadat my vrou besondere hoë bloeddruk ervaar het, maar met die reël van die afspraak het die dokter gesê dat sy hom onmiddellik moet kom sien. In Elisras word sy in die plaaslike MediClinic Hospitaal opgeneem en ek moet van ons privaat hospitaalplan gebruik maak. Ek gaan na die SAGD se Kliniek op Ellisras om die magtiging, wat vir die volgende dag sou geld, reg te stel maar maj Higgo sê sy sal ’n magtiging uitreik sodat my vrou behandel kan word. Ek ry terug hospitaal toe om dit te reël, maar toe ek daar aangekom vind ek dat alles reeds gereël is. Wat my beïndruk het was die SAGD se bereidwilligheid om te help en die uitvoering sonder versuim. Dit is ‘n voorbeeld van die goeie behandeling wat ons van die personeel van ons plaaslike Kliniek ontvang”.

20. Kortbetaling deur die SAGD

* Bertus Steenkamp van Afd Inl noem vanaf Vishoek dat hy goeie behandeling van ‘n plaaslike Prostodontis ontvang, maar dat hy “… dit vreemd vind dat die Prostodontis al vyf keer kortbetaal is. Die bedrae wissel van tussen R38 tot net oor die R200, terwyl sy kwotasie aanvaar en ten volle gemagtig was. Dit maak eenvoudig nie sin nie en die Prostodontis is nie gelukkig nie”.

* Die kwessie is na Tony Dippenaar van Cela verwys en Tony noem dat hy “... nie kan verstaan waarom die rekening nie ten volle vereffen is nie en het met Dir Tandheelkunde by SAMGD geskakel, wie aanbeveel het dat Bertus die Sekretaresse, ene Sally, by 012- 671 5140 skakel en aan haar sy volle besonderhede verskaf, sodat sy die rekening op die stelsel kan nagaan”.

21. Lede van die Nie-Statutêre Magte by 1 Mil Hosp

Tydens ‘n besige oggend by een van die klinieke van 1 Mil Hosp het een van die staflede opgemerk dat hulle so besig is, want lede van die Nie-Statutêre Magte (julle weet wie) nou ook na die klinieke by 1 Mil Hosp verwys word, terwyl hulle in die verlede behandeling by die staatshospitale ontvang het.

KOMPLIMENT VIR DR ANUSHKA JAMUNA VAN DIE SMMVF

22. Johan Swanepoel van Leërinligting

“Ek wil graag vir dr Anushka Jamuna van die SMMVF bedank vir die uitstekende diens wat ek so pas vanaf ons mediese fonds deur die bemiddeling van dr Jamuna ontvang het. Op 01/07/2018 het ek reeds 14 maande lank vir magtiging vir krone vir my gebit gewag. Weens die bedrag betrokke moes magtiging verkry word, maar dit blyk toe dat die aansoek vir magtiging op die lessenaar van ‘n klerk beland het, wie nie by magte was om sodanige bedrag goed te keur nie. Daar het dit bly lê totdat dr Jamuna dit daar opgespoor en uiteindelik die magtiging kon bewerkstellig het. Ek het nog altyd goeie mediese behandeling ontvang en wil graag my dank teenoor dr Jamuna en die res van die personeel by die Voortsettingsfonds uitspreek”.

23. Letter to Dr A. Jamuna

Dear Doctor

The following note will appear in the next issue of the Newsletter of the Military Veterans and we would also like to express our gratitude for the assistance to Johan Swanepoel. It is always a pleasure to receive such positive reports and we are of the opinion that it is time that the ‘Acting’ in front of your designation falls away!

Sincerely

Johann Vorster
VPA 12946PE

24. Reaction by Dr Jamuna

Good day Johann

Thank you kindly for the e-mail and the acknowledgement with your kind words.

We are glad to note that all our efforts are making an impact on our members.

Thanks and kind regards.

Dr. Anushka Jamuna
Acting Principal Officer
T: +27 (0)12 671 5405
C: +27 (0)82 601 5229
E: anushkaj@rfmcf.co.za
W: http://www.rfmcf.co.za

FUNCTIONING OF THE MEDICAL CONTINUATION FUND (PFMCF)

25. NTR.

EIETYDSE MILITêRE GESKIEDENIS

26. Graves of the Crew of a SAAF Liberator in Austria

Colin van Rensburg reports that his "... brother found these graves in Klagenfurt in Austria. They were part of the crew of a Liberator flying out of Italy to bomb an oil refinery in Czechoslovakia. They are gone but not forgotten".

27. Verering van die Slagoffers van die SS Mendi

AP Stemmet van die Kavallerie het waardering vir die artikel wat Erika Gibson op 02/09/2018 in die Rapport oor die sink van die SS Mendi tydens WW1 en die Britse Eerste Minister se oorhandiging van die skip se klok aan die RSA Regering. AP noem dat as oudsoldaat "… het die artikel my bewoë gemaak. Die klok is nou waar dit hoort en sal 'n ereplek kry. As liefhebber van die militêre geskiedenis was ek bewus van die tragedie van die SS Mendi en veral dat die 600 slagoffers nooit behoorlik vereer is nie. In 2011 het ek by 'n museum op die Isle of Wright oor die botsing op 21/02/1917 naby die eiland gaan navraag doen, toe die Britse vragskip, SS Darro, glo roekeloos in digte mis voortgejaag het. Die afgetrede Britse offisier in beheer van die Museum weet toe nie waarvan ek praat nie. Ek was nie beindruk met sy kennis van die militêre geskiedenis nie en het hom aangesê om op

te lees oor die voorval. Toe ek later terugkeer vertel hy my trots dat hy nou die geskiedenis van die SS Mendi ken, maar wat my woedend gemaak het was sy opmerking oor ons soldate wat verdrink het, naamlik dat '… yes, but they were only Blacks'. Hy het moeilik geglo dat ek as oudsoldaat geen kleurverskille in ons Weermag geken het nie. Die Britte se gebrek aan kennis van geskiedenis is skokkend en hulle weet nie van die Anglo/Boere-oorlog en die konsentrasiekampe nie. Die klok van die SS Mendi is tuis en ek is gelukkig".

NUWE MILITêRE BOEKE

28. *Recce : A Collector's Guide to the History of the SA Special Forces*

The book is available for R1 495 from Bush War Books at warbooks.co.za@cmail20.com.



PAUL ELS SE BOEKE

29. Vordering met die Boek oor Walvisbaai

"Die finale uiteensetting is gedoen en die volgende stap is om alles op die regte plek in te sit. Daar word egter nog steeds vir 'n paar insette gewag wat vir ons beloof is".

30. Klipbeeld in Natal

"Daar is aan my genoem dat daar 'n klipbeeld iewers in Bergville in Natal in 'n grot is. 'n Man het blykbaar gevlug, by die grot ingetrek en het begin om beelde teen die klippe uit te kap. Dit is blykbaar wonderlik gedoen. Weet iemand dalk iets daarvan?"

WELSYNSWERK

31. NTR.

ALGEMENE ASPEKTE

32. Gebrek aan ‘n RSM. Bekende gesig by 1 Mil Hosp.

33. Besoek aan Geskiedkundige Plekke in die VK

AP Stemmet van die Kavallerie verwittig dat hy “... tydens ‘n onlangse besoek aan die Isle of Wight gesien dat verskeie LA poste wat uit WO2 dateer steeds in stand gehou word. Niemand kon my sê watter kanonne hier ontplooi was nie, maar ek vermoed dit is die 3.7 duim, aangesien die kanonne in staat was om van die Duitse bomwerpers neer te skiet wat op hoë hoogte na teikens in die VK op pad was. In die VK het ek die tenkmuseum in Bovington, Bristol. besoek. Ons ou Marmon Harrington pantserkar en T34 en T 54 tenks word daar uitgestal, maar hulle het sowaar nie die Eland 60 en 90 pantserkarre nie .'n Pantsermuseum kan mos nie volledig wees daarsonder nie! By die Tenkmuseum het ek ‘n aandenking van Regt Oranjerivier aan die Argivaris oorhandig waaroor hy baie bly was”.

34. Newsletter of the Naval Officers’ Association of Southern Africa

Angel states that the Newsletter for Sep 2018 is available and can be requested from the Secretary, John Lamont, at glentyne@yebo.co.za.

35. The Financial State of the RSA

The economist, Mike Schussler, reports that "… the RSA has 16,3m employed but 25,3m credit active consumers which requires income. If pensioners and social grant recipients are borrowing, we have a problem". Note. This is similar to the financial catastrophe in the USA a number of years ago when their financial system almost suffered a collapse due to the unsecured number of loans, which became known as NINJA loans. Abbreviation for loans to those who have no income and no jobs.

36. Voorbeeld van 'n Vasberade Vrou

Dr Kriek van der Merwe van die Kavallerie vertel dat hy "… as deel van my radio-loopbaan eenmaal saam met n Skot, Jimmy Ewen van Aberdeenshire in Skotland, gaan vlieghengel het. Hy vertel toe dat '… fishing at Castle Forbes with Lady Tweedsmuir she suddenly fell in up to her neck and, being utterly drenched, I was sure she would call it the day. Instead Lady Tweedsmuir stripped to nothin but her braw and ponties, hung her clothes out to dry, and continued to fish more determined than ever and she caught a magnificent 10lb spring salmon'. Hierdie is 'n navolgenswaardige voorbeeld vir alle vasberade vroue!"

37. Amptelike Vervoer in Nederland

Foto toon die Eerste Minister van Nederland op pad werk toe. Indien daar persoonlike lyfwagte is, word gewonder of hulle ook op fietse is.

38. Message for the RSA

People that elect corrupt politicians, imposters, thieves and traitors are not victims but accomplices - George Orwell

NUUS OOR DIE VETERANE-ORGANISASIES

39. Inleiding

Hierdie groephoof is geskep met die spesifieke doel om aan die Veterane-organisasies 'n forum te bied waar hulle die breër Veterane-gemeenskap oor hulle onderskeie aktiwiteite kan inlig. Maak gerus gebruik daarvan en insette sal waardeer word..

ASPECTS CONCERNING OUR PENSION FUND (GEPF)

40. Aktivering van die Pensionarisse

Kobus Huysamen van die SALM en kleinneef van AO1 Frans Huysamen van die Lugafweer, verklaar dat dit vir hom ontstellend is "... dat ons pensioenarisse oor die algemeen nie veel oor die langtermyn finansiële volhoubaarheid van die Fonds gepla is nie. Van die meer as 400 000 pensioenarisse is slegs 'n paar bekommerd en ek wens dat hierdie grote meerheid wil besef daar daar niemand anders as AMAGP is wat hulle maandelikse pensioen beskerm nie. Terwyl die Fonds se Raad van Trustees (RvT) dit moeilik sal vind om 'n groei van meer as 1,5% per jaar te handhaaf indien hulle voortgaan om 90% van die Fonds se waarde in die

RSA se ekonomie te belê, besef niemand blykbaar wat die moontlike finansiële impak van die voorgestelde 'National Social Security Fund' en 'Sovereign Wealth Fund' sal wees sou die Fonds deur hierdie voorgestelde fondse opgeslurp word nie. Daar word steeds geen standpunt deur die GEPF se RvT hieroor gehuldig nie en die bemagtiging van die pensioenarisse deur AMAGP het waarskynlik nou meer belangrik geword.

Dit is noodsaaklik dat die GEPF binne 'n omgewing, gekenmerk deur sekerheid en stabiliteit, bedryf moet word. Ons besef steeds dat die Staatsdienspensioenfonds dié beste Fonds en finansiële opsie vir aftrede is. Die risiko aan hierdie Fonds se finansiële volhoubaarheid is egter gesetel in verkeerde pupulisties-gedrewe besluite wat 'n direkte negatiewe impak op die langtermyn finansiële volhoubaarheid van die Fonds in die langtermyn inhou. Die Fonds se RvT het hierdie risiko ook in hulle jaarverslag aangeteken, maar daar is geen sigbare bewys dat korrektiewe aksies geneem word nie. Dit is veral AMAGP wat die RvT tot orde roep, maar ongelukkig is ons van 'n 'demokrasie van getalle' afhanklik en kan AMAGP slegs effektief optree indien dit op getalle kan aanspraak maak".

41. New Issue of the GEPF Monitor

Errol Massey-Hicks reports that new Issues Numbers 14 and 15 of 2018 are now available and can be read on our website at www.amagp.co.za, or can be requested from his e-mail address at amagp.sek@gmail.com. The Newsletter contains the following article, titled '*Public servants cash out pensions only to return to work'* which makes for interesting reading. It appears that workers are apprehensive about their pensions and are resigning, only to be re-appointed after claiming their pensions.

42. Suggestion to Outsource the Functions of the PIC. The following article by Simnikiwe Hlatshaneni appeared in the Citizen of 18/08/2018 and was reprinted in the GEPF Monitor:

Outsourcing the management of state pension funds and the other portfolios at the PIC to private fund managers would result in a net saving for government**.** Amid growing calls to privatise several ailing government entities, an economist says South Africa's government pension fund members could do better without the PIC.
Dawie Roodt, who specialises in fiscal and monetary policy, said that taking into account the risks and costs of running the PIC as an entity, outsourcing the management of government pension funds and the other portfolios at the PIC's desk to private fund managers would result in a net saving for government. This week government announced the commission of inquiry into allegations of corruption at the PIC. Roodt explained that dissolving the PIC made financial sense and lamented the lack of control pension fund members have over the management of their funds. Roodt also stated that the PIC has been treating the government pension fund poorly. The message we get from the PIC is that they treat this money like it's their money or the government's money. That money belongs to the members of the pension fund and it should be controlled by them.

43. Nuwe Voorkoms van AMAGP se Blad op FaceBook

As Kleynhans van die Lugafweer verwittig "… dat AMAGP se blad op FaceBook 'n gedaanteverwisseling ondergaan het. Dit het 'n nuwe gesiggie en die naam is nou GEPF WATCHDOG/WAGHOND. Die nuwe voorkoms trek aandag en ons ledetal op FaceBookblad het binne drie dae met meer as 1000 gegroei, wat talle lede van die SAP en ander staatsdepartemente insluit.

Ek wil graag 'n beroep doen op al ons Veterane wat in aftreeoorde en komplekse of landgoedere bly, waar Whatsappgroepe gebruik word vir interne kommunikasie, om uitnodigings vir aansluiting by ons Facebookblad te plaas. As voorbeeld, stel ek die volgende voor: 'Is u bewus van die Facebookgroep wat lede van die GEPF (werkend en pensioenarisse) ingelig hou oor die stand van die pensioenfonds? Sluit asseblief aan by die groep GEPF WATCHDOG/ WAGHOND".

SOEKTOGTE

44. Waar is JW Raphael van die Infanterie

John French van die Kavallerie sê "... dat dit nat en koud langs die Weskus is, maar is nietemin op soek na 'n Infanterie-instrukteur wat 'n maat van my was. Hy het onder ander ook pluimbal vir Kmdmt WP of SWD gespeel. My e-posadres is hawkeye@sunbirdprojects.com".

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES

45. Reünie en Gedenkdiens van Op Savannah se Veterane-vereniging

Paul Els raporteer dat "die opkoms op 02/09/2018 by die Gedenkteken by die Voortrekkermonument maar skraal was, maar waarskynlik omdat 'n groot byeenkoms vir volgende jaar beplan word. Dankie aan die lede wat selfs van Potchefstroom gekom het om dit by te woon". Die foto toon die Geskut se genl Joffel van der Westhuizen en Gert van Niekerk na die diens.

BOND VAN SAVANNAH VETERANE 1975 1976 SAVANNAH VETERANS ASSOCIATION
Tribulus ad hostem

46. Infanteriste is Plesierig

John Lizamore verwittig dat "… die volgende hinderlaag van die SA Infanterie- vereniging op Saterdag 20/10/2018 by die Bronberg Landgoed sal plaasvind. Die NUR vergadering begin om 09:00 maar sal teen 12:00 afgehandel wees. Kontak vir Geoff Holland-Muter op 076 637 9355 vir besonderhede".

47**.** Funksie van die Paratroopers Veterane-organisasie (PVO**)**

Die funksie het op 29/09/2018 plaasgevind, waartydens Ronnie Claassen 'n voordrag oor die valskermopleidingskursus in die VK in 1960 aangebied het. Op die foto verskyn Ronnie en Paul Els saam met dr Olaf van de Spuy van 1 Mil Hosp wat 'n gedaante-verwisseling ondergaan het.

48. Annual Naval Military Dinner in Cape Town

Angel Soderland advises that "... this function will take place from 19:00 on 04/10/2018 at the Kelvin Grove Club in Newlands and is open to all serving and retired Officers and Warrant Officers. This year the guest speaker is the Deputy Chief of the Navy. It has always been a most enjoyable function where many friendships are renewed and the good old days remembered. Block bookings can also be made. Dress is formal with medals and the cost is R200 per head. For reservations contact Capt Bruce Risien on 082 493 6048 or on his e-mail address at brucerisien@gmail.com by 21/09/2018".

49. Rhodesian Memorial at the Voortrekker Monument

A memorial service was held on 02/09/2018 in honour of the passengers and crew of a Rhodie Viscount who lost their lives when the passenger aircraft was shot down during their bush war. The memorial is located behind the SADF Wall of Remembrance.

50. Ete-groep in Centurion

Die vorige ete op 19/07/2018 by die Kookabella Kafé was lekker en ons het die hele binne-lokaal en kaggel vir onsself gehad. Daar word egter opgemerk dat die belangstelling effens verflou, wat moontlik aan te veel van 'n goeie ding toegeskryf kan word. Daar word derhalwe beoog om die ete in die toekoms net op die derde Donderdag van elke tweede maand te reël, om sodoende die belangstelling te behou. Die volgende ete sou op 20/09/2018 plaasvind, maar is weens Genl Geldenhuys se roudiens op dieselfde dag gekanselleer. Die volgende ete sal nou op Donderdag 18/10/2018 plaasvind. Detail kan vanaf die e-posadres by isajohan@johannisa.co.za verkry word.

NETWORKING

51. NTR.

ADMINISTRASIE

52. Stadige Nuusbrief

Die uitreik van hierdie Nuusbrief is vertraag, want verlede week met die invoeg van die berig oor Baas Jannie se afsterwe het die Nuusbrief, waaraan drie weke gewerk is, eensklaps van die skerm verdwyn. Daar moes noodgedwonge van vooraf begin word, maar gelukkig kon al die verskillende insette opgespoor word. Het nou finaal die les geleer om nie op Microsoft Outlook nie, maar wel net op Microsoft Word te werk.

53. Nuwe Lede

Later.

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

54. Food for Thought

If you are patient in one moment of anger, you will escape a hundred days of sorrow - Chinese proverb

You don't build a business. You build people and then people build the business.

55. Advice to Young Pilots of the USAF

Just remember, if you crash because of weather, you funeral will be held on a sunny day.

SLOT

56. And on that creepy note, geniet die res van die week.

Johann

VRYWARINGSKLOUSULE

57. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.